M3™ BAIT STATION

Effektiewe Beheer van *Ceratitis* Vrugtevliegspesies



Reënvas

Geen Residu


IPM-Vriendelik

River Bioscience

River Bioscience (Pty) Ltd
www.riverbioscience.co.za
admin@riverbio.com

Die Probleem:

Vrugtevlieë van verskillende spesies vorm deel van 'n groot plaagprobleem in baie verskillende vruggewasse. Sekere vrugtevlieg spesies word vir sommige markte as fitosanitêre plae beskou. Die Mediterreense vrugtevlieg is een van die ernstige vrugtevlieg plaagspesies watvoorkom op meeste vruggewasse in Suid-Afrika.



Hoe Beskadig Vrugtevlieë Jou Gewasse?

Vrugtevlieë kan vrugskade veroorsaak deur blinde steekmerke sonder oviposisie, deur die vrugskil deur te boor om eiers te lê, of deur besmetting. Al hierdie skade lei tot vrugverrotting.

M3™ Bait Station Voordele:

IPM-Vriendelik

Die M3™ Bait Station is 'n volhoubare plaagbestuurmetode en kan gebruik word in 'n IPM program.

MRL Bestuur

Die M3™ Bait Station word in die boom gehang en kom nie in aanraking met die vrugte of ander dele van die boom nie dus toon dit nul MRL's.

Geen Vrugte Brand

Blaar bespuitings kan soms fitotoksisiteit / letsels op sagte sitrus veroorsaak en die gebruik van M3's™ kan die behoefte aan hierdie blaarbespuitings verminder en dus die risiko van vrugtebrand ook verminder.

Langlewendheid

Toediening van M3™ Bait Stations moet plaasvind voordat die vrugtevlieg populasie opgebou het en die gewas vatbaar is. Die aansienlike beheertydperk van 16-18 weke maak voorsiening vir een of twee toedienings oor die seisoen.

Reënvas

Die omhulsel van die M3™ Bait Station is ontwerp om die produk reënvas te maak wanneer dit korrek toegedien word.

Bekostigbaarheid


Wanneer M3™ Bait Stations met ander lokstasies vergelyk word, is die prys aansienlik goedkoper, tot en met helfte van die prys.



Die Oplossing: M3™ BAIT STATION

Die gebruik van die M3™ Bait Station het die vars vrugtebedryf voorsien met 'n geïntegreerde plaagbestuurmetode (IPM) wat veilig is vir beide die verbruiker en die omgewing. Dit is bewys om 'n effektiewe hulpmiddel te wees wat vrugtevliegpopulasies in vrugteboorde beheer deur 'n lok-en-doodmaak metode. Die M3™ Bait Stations bevat proteïenhidrolisaat en plantekstrak met alfa-sipermetrin wat wyfie vrugtevlieë lok en hulle doodmaak op kontak.


Hoe Werk die M3™ Bait Station?



1. Wyfie vrugtevlieë word gelok tot die lokstasie wat strategies in die boorde geplaas word.
2. By kontak word die vrugtevlieg deur die plaagdoder in die produk doodgemaak.
3. Die onderdrukking van die wyfie populasie lei tot 'n mannetjie populasie vermindering, aangesien geen paring kan plaasvind nie.
4. Sodoende vermindering van die algehele vrugtevlieg populasie, asook die risiko van infestasie.

M3™ Bait Station Doeltreffendheid en Proefdata:

M3™ Bait Stations bied 'n populasiesuitklophou voordat druk opbou. Dit is bewys as 'n effektiewe metode van populasies vermindering soos gesien in die monitering lokval data hieronder.



Alhoewel die M3™ Bait Station wyfie vrugtevlieë teiken, beeld bogenoemde grafiek uit hoe die populasie verminder word in die afwesigheid van die wyfie vrugtevlieë.

River Bioscience

Skandeer vir meer inligting

M3™ Bait Station - Reg. Nr. L6675 Wet Nr. 36 van 1947

WAARSKUWING | Gevaarverklarings: Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte. | Aktiewe Bestanddeel: Proteïenhidrolisaat & plantekstrak 666 g/l ,Alfa-sipermetrin 2 g/l

LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK | Gebruik slegs soos aangedui

Registrasie Houer: Green Trading CC, CC Reg. No. CK 2003/069476/23, P.O. Box 2649, Brits, 0250

2026.08.06 v1